

HOOFSTUK 1

ORIËTERING

1.1 INLEIDING

In gemeenskappe oor die hele wêreld bestaan daar 'n aantoonbare verband tussen die gehalte van onderwys en die beskawingspeil wat deur die lede van daardie gemeenskap gehandhaaf word (Paine, 1989:12; Glencross, 1993:1). Gehalte onderwys word op sy beurt beïnvloed deur die gehalte van die opleiding van onderwysers (RGN, 1981b:5,44-45). Alle instansies wat onderwysers oplei, is dus medeverantwoordelik vir die bereiking van effektiewe skoolonderwys (Schroeder, 1989:36).

In hierdie hoofstuk sal die navorsingsprobleem uiteengesit word. Voorts sal die navorsingsdoel ook gestel word, en die metode wat gevolg is om die gestelde doel te bereik, beskryf word. Laastens sal die terrein wat met die ondersoek bestryk word, afgebaken en die struktuur van die navorsingsverslag verskaf word.

1.2 PROBLEEMSTELLING

Onderwysvernuwing wat met die huidige staatkundige en grondwetlike hervorming in Suid-Afrika gepaard gaan, behoort aandag te ontvang (RSA, 1992a:42). Daar bestaan 'n wisselwerking tussen die verskillende maatskaplike kragte en institusies in die samelewing (Idenburg, 1971:71). Sodanige wisselwerking behoort ook in die onderwysstelsel verreken te word (Bondesio, 1987:295; Steyn, 1991:53) en gaan noodwendig met die formulering, en latere implementering van bepaalde vernuwingstrategieë gepaard. 'n Korps doeltreffend opgeleide en gemotiveerde onderwysers is nodig om te verseker dat sulke onderwysvernuwings en hervormings in die praktyk realiseer, sodat doeltreffende onderwys voorsien kan word. Die rol wat onderwyskolleges in dié verband kan vervul, is belangrik.

Die beheer oor onderwyskolleges in die Suid-Afrika is tans uiteenlopend van aard. By hoofsaaklik blanke onderwyskolleges berus die

administratiewe beheer by die provinsiale onderwysdepartemente van die voormalige Departement van Onderwys en Kultuur, Administrasie: Volksraad, terwyl universiteite meestal 'n wakende oog oor akademiese standarde hou. In die geval van onderwyskolleges vir die (oorwegend) Kleurling-, Indiër- en swart bevolkingsgroepe oefen die voormalige Departemente van Onderwys en Kultuur en, in die geval van laasgenoemde, die Departement van Onderwys en Opleiding volle beheer uit, sonder enige universitêre inispraak. Daar bestaan al vir 65 jaar lank 'n dispuut, naamlik of onderwyskolleges aan provinsiale onderwysbeheer onderworpe behoort te wees en of volle outonomie aan hulle toegeken behoort te word (Le Roux, 1976:14).

'n Verkenning van internasionale literatuur bring aan die lig dat daar selfs nie in die mees ontwikkelde lande se onderwysstelsels paradigmatiese waarde aan die plek van die onderwyskollege geheg word nie: "... there are still doubts and debate about the optimal solution: autonomous teachers colleges or university-integrated teacher education or in some cases ... close cooperation between teacher colleges and university" (De Landsheere, 1987:78). In Duitsland en Nederland word byvoorbeeld streng onderskeid tussen opleiding vir "basis"onderwys (onderwys= kollegeopleiding) en sekondêre onderwys (universiteitsopleiding) gemaak (Dekker, 1989:66; Berkhout, 1989:101). In die VSA verskil samewerking tussen die twee instansies van staat tot staat en wissel vanaf geïntegreerde samewerking tot ten volle outonome staatsnormaalkolleges (Theron & Van Schalkwyk, 1989:427). In Engeland word drastiese veranderinge ten opsigte van onderwysersopleiding die afgelope jare ondervind. Sedert die middeltagtigerjare word byvoorbeeld grade in plaas van diplomas ook aan onderwysers wat aan onderwyskolleges in Engeland afstudeer, toegeken; is daar 'n drastiese inkorting van opvoedkunde dissiplines ten gunste van meer pragmatiese klaskamerpraktyke en is alle onderwysersopleiding aan inspeksie en akkreditering deur die owerheid onderworpe (Goodey, 1989:150). 'n Verkenning van enkele buitelandse onderwysstelsels, spesifiek met betrekking tot onderwysersopleiding, sal daartoe bydra om sinvolle opsies in verband met die plek en taak van die onderwyskollege in die Suid-Afrikaanse onderwysstelsel voor te stel.

In 'n ondersoek na onderwysvoorsiening in die RSA (RGN, 1981a:90) is bevind dat die kontrole en bestuur van tersiêre onderwys in die RSA nie in alle opsigte na wense is nie; andersyds konstateer die ondersoekresultaat dat onderwyskolleges nie die volledige status van 'n hoër onderwysinrigting met 'n hoë vlak outonomie besit nie (RGN, 1981b:29). Selfs die Departement van Nasionale Opvoeding, verantwoordelik vir die nasionale onderwysbeleid in die RSA, erken dat daar "groot variasie" bestaan sover dit interpretasie en struktuur van onderwyskollegeprogramme betref (RSA, 1991:20). Verder vermeld dieselfde departement in die resente Onderwysvernuwingstrategie dat: "Algemene beleid vir onderwysprogramme vir onderwysersopleiding nog nie bepaal is nie." (RSA, 1992a:42). Daar word voorts beweer dat bestaande programme vir onderwysersopleiding grondig hersien moet word op grond van die ingrypende grondwetlike herskikking wat tans in Suid-Afrika ondervind word (*ibid.*; Niebuhr, 1992a:2). Sodanige grondige hersiening vereis navorsing.

Samevattend kan gestel word dat die hele tersiêre onderwyssektor deur hedendaagse staatkundige, ekonomiese en demografiese omstandighede en gepaardgaande rasionalisasiemaatreëls geraak word. Die trefkrag van laasgenoemde gebeure op onderwyskolleges in die besonder dien onder andere as motiveringspunt vir die voorgestelde navorsing. Indien hiermee saam die vraagstuk van gebrek aan outonomie en die diverse beheer oor onderwyskolleges, soos reeds genoem, in ag geneem word, blyk dit dat daar duidelikheid verkry sal moet word oor die plek en taak van onderwyskolleges in die Suid-Afrikaanse onderwysstelsel. 'n Toepaslike strategiese beplanningsraamwerk kan 'n ideale instrument vir 'n ondersoek van dié aard wees.

Die vraag na die plek en taak van onderwyskolleges kan met reg as 'n onopgeloste probleem beskryf word. Om gehalteonderwys vir die hele bevolking te verkry, is navorsing op hierdie terrein tans dringend noodsaaklik.

Uit die voorgaande blyk dit dat die probleem in die ondersoek rondom die volgende vraag sentreer:

- * Wat behoort die plek en taak van die onderwyskollege in die Suid-Afrikaanse onderwysstelsel te wees?

1.3 DOEL MET DIE NAVORSING

Die navorsingsdoel is om die plek en taak van die onderwyskollege in die Suid-Afrikaanse onderwysstelsel te bepaal. Die navorsingsdoel kan aan die hand van die volgende navorsingsdoelwitte bereik word:

- * Eerste navorsingsdoelwit: om 'n geskikte strategiese beplanningsraamwerk te ontwerp, om dusdoende die plek en taak van die onderwyskollege in die Suid-Afrikaanse onderwysstelsel vas te stel.
- * Tweede navorsingsdoelwit: om internasionale perspektiewe ten opsigte van die plek en taak van die onderwyskollege ten opsigte van onderwysersopleiding na te gaan en universeel geldige maatstawwe vir onderwysersopleiding te bepaal.
- * Derde navorsingsdoelwit: om die huidige stand van onderwyskolleges met betrekking tot die plek en taak daarvan in die Suid-Afrikaanse onderwysstelsel te bepaal.
- * Vierde navorsingsdoelwit: om standpunte van belanghebbendes en kundiges in verband met die plek en taak van onderwyskolleges in die Suid-Afrikaanse onderwysstelsel in te win.
- * Vyfde navorsingsdoelwit: om moontlike scenario's aangaande die plek en taak van die onderwyskollege in 'n toekomstige Suid-Afrikaanse onderwysbedeling te skets en voorstelle in verband daarmee te maak.

1.4 METODE

1.4.1 Literatuurstudie

Primêre en sekondêre bronne is geraadpleeg. Gegewens wat versamel is, is oorweeg en in die lig van die vooropgestelde doel geëvalueer, sodat daar tot betekenisvolle gevolgtrekkings gekom kon word. 'n DIALOG-rekenaarsoektog is met behulp van die volgende trefwoorde onderneem, ten einde toepaslike bronne op te spoor:

teacher training, college of education, student teacher, South African education system, teachers training college, strategic planning.

Dieselfde trefwoorde is ook in 'n NAVO-rekenaarsoektog gebruik. Hiermee is vasgestel dat baie min navorsing ten opsigte van die besondere tema onderneem is. Internasionale literatuur gaan veral mank aan detail besonderhede wat die plek en taak van instansies, wat met die Suid-Afrikaanse onderwyskollege vergelyk kan word, beskryf. Relevante en aanverwante bronne oor die onderwerp is wel beskikbaar. Daarbenewens is onkonvensionele metodes gevolg om die verlangde inligting in te samel, soos direkte kommunikasie deur middel van telefoniese navrae, faksmasjienboodskappe en gewone briefwisseling waardeur belangrike inligting bekom is.

1.4.2 Empiriese navorsing

1.4.2.1 Vraelys

Inligting wat uit die literatuurstudie verkry is, is gebruik om 'n posvraelys op te stel. Die doel met die vraelys is om die menings van kundiges in verband met die moontlike scenario's ten opsigte van die toekomstige plek van die onderwyskollege in die Republiek van Suid-Afrika, in te win.

1.4.2.2 Populasie

Vir die doel van die empiriese navorsing is die populasie uit kundiges op die terrein van onderwysersopleiding saamgestel. Die betrokke persone is volgens die metode van historiese gewig (byvoorbeeld ondervinding, posisie en betrokkenheid) geselekteer. Die populasie is dus uit die volgende kategorieë saamgestel:

- * rektore van al die Suid-Afrikaanse onderwyskolleges ($n = 36$);
- * direkteure van onderwysdepartemente ($n = 7$);
- * voorsitters van onderwysersverenigings ($n = 7$);
- * deskundiges byvoorbeeld akademië soos dekanes van opvoedkunde aan universiteite en navorsers ($n = 17$);
- * verteenwoordigers met die status van uitvoerende voorsitter of sekretaris van enkele belanghebbende onderwysorganisasies, byvoorbeeld politieke partye, NECC, WTEF, OVSA en VCHO ($n = 7$).

Daar is geen steekproef uit die populasie geneem nie. Alle respondente is dus verteenwoordigend van beide groepe, naamlik dié met gevestigde belange en dié met nie-gevestigde belange by onderwyskolleges.

1.4.2.3 Statistiese tegniek

Die data van die vraelys is met behulp van die rekenaar verwerk. 'n Toepaslike tegniek is in oorleg met 'n statistikus van die PU vir CHO gekies.

1.5 TERREINAFBAKENING

Die onderwyskollege as tipe onderwysinrigting (Steyn, 1991:36), vorm die fokus van hierdie navorsing. Daar is gepoog om die plek wat 'n onderwyskollege in die struktuur van die onderwysstelsel inneem, met behulp van 'n strategiese beplanningsraamwerk, na te vors. Die doel en funksie (taak) daarvan is ook bestudeer. In die woorde van Dekker en Van Schalkwyk (1989:3) is dit dus die struktuur- en funksioneringsbeginsels van 'n bepaalde onderwysinrigting naamlik die onderwyskollege, binne 'n bepaalde nasionale onderwysstelsel naamlik Suid-Afrika, wat aandag ontvang.

Die empiriese ondersoek is in Oktober 1993 afgehandel. Veranderinge wat in April 1994 op staatkundige terrein beslag gekry het, word dus nie daarin gereflekteer nie. Tydens onderhandelinge, ook op die terrein van die onderwys, is die plek en taak van die onderwyskollege steeds nie duidelik uiteengesit nie. Die empiriese ondersoek waartydens die menings van die kundige persone ingewin is (vergelyk paragraaf 1.4.2.2) het onder andere ook oor die toekomstige plek en taak van onderwyskolleges gehandel. Om daardie rede word met hierdie ondersoek 'n bydrae gemaak om riglyne vir die toekomstige plek en taak van die onderwyskollege in die Suid-Afrikaanse onderwysstelsel neer te lê.

Vele benaminge wat voor April 1994 gegeld het, word ook steeds in dié navorsingsverslag aangetref. Benaminge van byvoorbeeld die provinsiale onderwysdepartemente wat onder beheer van die voormalige Departement van Onderwys en Kultuur : Administrasie Volksraad gestaan het, geld byvoorbeeld steeds, maar dui tans nog nie die streek of provinsie wat dit bedien, akkuraat aan nie.

1.6 STRUKTUUR VAN DIE NAVORSINGSVERSLAG

Die navorsing is soos volg gestruktureer:

- * Hoofstuk twee behels die ontwerp van 'n strategiese beplanningsraamwerk wat gebruik kan word om die plek en taak van 'n onderwyskollege in Suid-Afrika vas te stel.
- * In hoofstuk drie word internasionale perspektiewe ten opsigte van onderwyskolleges gegee ten einde inligting oor moontlike scenario's in die Suid-Afrikaanse konteks te verskaf. Vyf lande is vir dié doel geïdentifiseer. Instansies wat met onderwyskolleges in die RSA vergelyk kan word, naamlik dié waar opleiding aan onderwysers vir hoofsaaklik die primêre onderwysfase verskaf word, is van naderby ondersoek.
- * In hoofstuk vier word die huidige stand van onderwyskolleges in die Republiek van Suid-Afrika ondersoek. Hierdie hele hoofstuk kan beskou word as die bestudering van die interne determinant van historiese aard as element van die strategiese beplanningsproses en daarom word 'n gedeelte oor die historiese ontwikkeling van onderwyskolleges in Suid-Afrika hierby ingesluit. Nasionale onderwysstelsels en die elemente daarvan word beskryf, waarna die huidige plek en taak van onderwyskolleges in die onderwyskundige struktuur van die Suid-Afrikaanse onderwysstelsel vasgestel word.
- * Standpunte van kundiges ten opsigte van die plek en taak van die onderwyskollege in die Republiek van Suid-Afrika geniet aandag in hoofstuk vyf. Ten einde sodanige standpunte empiries te ondersoek en te ontleed, is van 'n vraelys, wat aan die hand van die strategiese beplanningsraamwerk opgestel is, gebruik gemaak.
- * In hoofstuk ses word moontlike scenario's vir toekomstige funksionering van onderwyskolleges gegee. Vooruitskouings wat gedoen word, is op die literatuurstudie nit hoofstukke twee, drie en vier en die uitkomst van die empiriese ondersoek van hoofstuk vyf, gebaseer.

- * Hoofstuk sewe bevat bevindings, gevolgtrekkings en aanbevelings oor die plek en taak van die onderwyskollege in die Suid-Afrikaanse onderwysstelsel.

1.7 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is 'n probleem in die Suid-Afrikaanse onderwysstelsel kortliks aangetoon, naamlik dat die plek en taak van die onderwyskollege in die onderwysstelsel nie na wense omlyn en gedefinieer is nie. Die behoefte aan intensiewe navorsing in dié verband is aangetoon, en die doel wat daarmee beoog word, gestel. Voorts is die metode wat gevolg is om die navorsingsprobleem op te los, beskryf, die terrein van die navorsing afgebaken en die struktuur van die navorsingsverslag verduidelik.

In die volgende hoofstuk sal die aard van 'n strategiese beplanningsraamwerk ondersoek en beskryf word. 'n Strategiese beplanningsriglyn, aan die hand waarvan die plek en taak van 'n onderwyskollege in Suid-Afrika vasgestel kan word, sal ook voorgestel word.